

Kom nader aan God deur gebed (Deel 1)

Gebaseer op hoofstuk 17 van die boek *Wat leer die Bybel werklik?* wat op jw.org/af beskikbaar is.

DOEL: Ondersoek wat jy glo en hoekom jy dit glo asook wat die Bybel leer, en kyk hoe jy aan ander kan verduidelik wat jy glo.



LUISTER GOD NA ALLE GEBEDE?

1 ONDERSOEK WAT JY GLO

Hoekom sal party mense dalk ja sê?

Hoekom sal party mense dalk nee sê?

Wat glo jy?

Hoekom glo jy dit?

2

ONDERSOEK WAT DIE BYBEL LEER

God luister na die gebede van persone wat opreg na hom soek, maak nie saak waarom hulle bid nie.
(Sien hoofstuk 17 van die *Leer Bybel*-boek, paragraaf 1-4.)

Lees Filippense 4:6, 7.

Waarom is dit goed om ook gereeld dankie te sê in ons gebede, en nie net altyd te bid vir dit wat ons nodig het nie?

Lees Jakobus 4:8.

Hoe help gebed ons om ons vriendskap met Jehovah sterker te maak?



Ons waardeer dit wanneer ons vriende gereeld met ons praat—nie net wanneer hulle iets nodig het nie. Jehovah hou ook daarvan wanneer ons gereeld en oor verskillende dinge vir hom bid

God luister na die gebede van mense wat lewe en optree in ooreenstemming met dit wat hulle vra.

(Sien hoofstuk 17 van die *Leer Bybel*-boek, paragraaf 5-8.)

Lees Markus 11:24 en Jakobus 2:26.

Waarom is geloof nodig om deur God gehoor te word, en hoe wys ons dat ons geloof het?

Lees Matteus 6:11 en 2 Tessalonisense 3:10.

Gee 'n voorbeeld van hoe ons kan optree in ooreenstemming met dit waarvoor ons gebid het.

Waarom waardeer jy die voorreg wat jy het om te kan bid?

3

VERDUIDELIK WAT JY GLO

AS IEMAND SÊ...

God luister na alle gebede.

JY KAN ANTWOORD...

Baie mense dink so. Maar ek glo dat die Bybel iets anders hieroor leer, want...

Watter teks kan jy vir die persoon lees?

Dink aan wat die persoon glo. Hoe sal jy die teks verduidelik?

AS IEMAND SÊ...

Gebed is net iets wat jy doen om jou beter te laat voel.

JY KAN ANTWOORD...

Baie mense dink so. Maar ek voel anders daarvoor, want...

Watter teks kan jy vir die persoon lees?

Dink aan wat die persoon glo. Hoe sal jy die teks verduidelik?
